## 10 September

Lukas 13:10-17

**Wie is Jesus vir jou?**

Die vrou wat agtienjaar lank aan rumatiek gely het, het geleer om haarself te kruisig. Sy was in haar nood so vasgevang en kromgetrek sodat sy selfs nie eens regop kon kom nie - in Joodse terme - nie eens kon opkyk na God nie. Die Jode het gemeen dat sy van 'n duiwel besete was. Noudat sy verlos is, erken sy Hom as haar Here. Dit is as haar Gebieder of Eienaar - die Een wat in haar lewe die laaste sê het. Sy het deur lyde geleer dat Hy haar lewe beheer. Daarom buig sy voor Hom en prys Hom van die oomblik van haar bevryding af.

In totale teenstelling met hierdie vrou staan die sinagoge-hoof. Hy doen hom voor as die groot kampvegter vir God se eer. Maar kyk: Hy noem Hom gewoon "Jesus". Hoewel die Naam Jesus "Verlosser" beteken, dui dit hier sy menslike natuur aan. Die sinagoge-hoof beskou Jesus bloot as 'n gewone mens waaroor hy kan hiet en gebied. Nie Jesus nie, maar hyself is heer oor sy eie lewe en oor dié van ander en hy alleen sal voorskryf hoe hulle moet lewe. Tog is sy hele lewe 'n klugspel! Jesus noem hom 'n huigelaar (letterlik 'n toneelspeler). Die Here ken ons diep in ons hart en sien die bedoeling van ons harte raak.

Wie is Jesus vir jou? Bely jy Hom as Here, maar ondertussen beheer jy steeds jou lewe? Of buig jy opreg voor jou Eienaar en Gebieder wat jou lewe beheer?

Sing: Psalm 1:1,4

Ds. S.F.F, van der Walt (Queenstown)